

Minibustaxi-bestuurder en -kondukteur

Beskerm jouself en passasiers teen koronavirus (COVID-19)

COVID-19 is soortgelyk aan griep en dit veroorsaak hoes, koors, 'n seer keel, uitputting en spierpyn.

Wanneer iemand wat COVID-19 het hoes of nies, laat hulle die virus op oppervlakke en in die lug agter. Jy kan COVID-19 kry as:

- Jy aan hierdie oppervlakke en dan aan jou gesig, oë, neus of mond raak of
- Jy in noue kontak (1,5 meter) kom met iemand wat die koronavirus het.

Kry jou minibustaxi gereed voor gebruik

Maak die minibustaxi aan die buitekant skoon:

- Was jou minibustaxi elke dag met seep en water.
- Ontsmet dit met 'n verdunde bleikmiddeloplossing (6 teelepels bleikmiddel in 1 liter water). Dra handskoene wanneer jy die minibustaxi skoonmaak en ontsmet.



6x teelepels



Maak die minibustaxi aan die binnekant skoon:

- Vee die deurhandvatsels, vensterbanke en sitplekke af met 'n verdunde bleikmiddeloplossing (6 teelepels bleikmiddel in 1 liter water).
- Los die vensters oop.



Dra altyd 'n lapmasker wanneer jy na openbare plekke gaan.

5 Goue Reëls

1. Was hande
2. Moenie aan gesig vat
3. Behou afstand
4. Bedek jou hoes
5. Siek? Bly tuis

Veilige gebruik van 'n lapmasker

1

Was jou hande. Plaas die binnekant teen jou gesig oor jou neus en mond. Sorg dat dit reg pas. Moenie aan die lapgedeelte raak nie.



2

MOENIE AAN JOU GESIG RAAK of met die masker vroetel nie. Haal die masker af as dit nat is. Moenie maskers met ander mense deel nie.



3

Raak net aan die toutjies wanneer jy die masker afhaal en probeer om nie aan voorwerpe en oppervlakke te raak voordat jy jou hande gewas het nie.



4

Was die masker met seep en water, laat dit droog raak en stryk die masker om dit te ontsmet. Jy moet ten minste 2 maskers hê sodat jy 'n skoon een het as jy dit sou nodig kry.



Wes-Kaapse
Regering

KOM ONS **STOP** DIE VERSPREIDING

VIR MEER INLIGTING:
www.westerncape.gov.za

Wanneer jy jou minibustaxi laai

- Hou solank die deure oop terwyl jy vir passasiers wag.
- Die taxi-kontroleerder (oftewel “queue marshal”) moet passasiers aanmoedig om 1,5 meter van mekaar te staan.
- Spuit alkoholgebaseerde handontsmetmiddel op die passasiers se hande voordat hulle inklim.
- Maak die taxi van agter af vol. Laat die passasiers by die vensters sit.
 - Sorg dat die passasiers so ver as moontlik van mekaar af sit.



- Moenie meer as 70% van die gelisensieerde kapasiteit inlaai nie:
 - 23 sitplekke: 15 passasiers + 1 bestuurder
 - 16 sitplekke: 10 passasiers + 1 bestuurder
 - 11 sitplekke: 7 passasiers + 1 bestuurder

Gedurende elke rit

- Hou die vensters oop.
- Indien moontlik, probeer om nie met geld te werk nie. Gebruik 'n boks of blikkie as die passasiers met kontant betaal.
- As jy met geld moet werk, maak jou hande met alkoholgebaseerde ontsmetmiddel skoon. Moenie aan jou gesig raak nie. Ontsmet jou hande elke keer nadat iemand betaal het. Bied ontsmetmiddel aan die passasiers nadat hulle betaal het.
- Maak die deure vir die passasiers oop en toe. Probeer verhoed dat mense aan die deur of deurhandvatsels raak.

Na elke rit

Vee die deurhandvatsels, vensterbanke en sitplekke af met 'n verdunde bleikmiddeloplossing (6 teelepels bleikmiddel in 1 liter water).



Wanneer jy by die huis kom

- Trek jou skoene uit en los dit buite voordat jy by die huis ingaan.
- Was jou hande en arms deeglik sodra jy by die huis ingaan.
- Trek jou werksklere uit en haal jou lapmasker af (sonder om aan die buitekant te raak).
- Plaas jou werksklere in 'n aparte sak om gewas te word. Was jou masker apart.



- Klim dadelik in 'n warm stort of bad, of was jou met warm water.
- Wag eers tot nadat jy gestort, gebad of gewas het vir drukkies, soentjies en direkte kontak met jou familieledede.



Nasionale Hulplyn: 0800 029 999



Provinsiale Hulplyn: 021 928 4102



Nasionale WhatsApp: 0600 123 456



Wes-Kaapse
Regering

KOM ONS **STOP** DIE VERSPREIDING

VIR MEER INLIGTING:
www.westerncape.gov.za